

HOOFSTUK 24: DIE HOOFBESTUUR

1. INLEDING

- 1.1 Die grondwet bemaatig die Hoofbestuur in artikel 26.2.4 om as die hoogste gesagsliggaam van *Die Voortrekkers* op te tree wanneer die Kongres nie in sitting is nie.
- 1.2 Die Reglemente is van toepassing op alle bestuursliggame en lede van *Die Voortrekkers*.
- 1.3 Die gesagsveld van die hoofbestuur is alle Voortrekkerliggame in die Republiek van Suid-Afrika en elders waar die grondwet van *Die Voortrekkers* van krag is of gemaak word.
- 1.4 Die Hoofbestuur voer gesag oor die lede van Voortrekkerkommando's, Veldkornetskappe los van kommando's, Staatmakergroepe asook spanne los van kommando's wat by 'n gebied geregistreer is.

2. ALGEMENE BEPALINGS

- 2.1 Die Hoofbestuur is 'n organisasie-element op die eerste bestuursvlak van *Die Voortrekkers*.
- 2.2 *Die Hoofbestuur en die Hoofdagbestuur* is bestuursliggame.

3. DIE HOOFBESTUUR

3.1 Samestelling

- Die Hoofbestuur word saamgestel soos in die grondwet onderskryf.
- 3.1.1 die lede van die Hoofdagbestuur onderhewig daaraan dat die Hoofdagbestuur se addisionele stemreg, benewens die van die hoofleier, nie een-derde van die totale stemme op die hoofbestuur oorskry nie;
 - 3.1.2 alle Gebiedsleiers;
 - 3.1.3 Adjunkgebiedsleiers Administrasie van gebiede met meer as eenduisend (1000) lede;
 - 3.1.4 Bykomende Adjunkgebiedsleiers vir gebiede met meer as eenduisend (1000) lede op grond van proporsionele verteenwoordiging. Die getal lede vir elk van hierdie gebiede word volgens hierdie formule bepaal, afgerond tot die naaste heelgetal: $(Y \times Z) / X$
 - a) X = die totale getal lede van *Die Voortrekkers* aan die einde van die vorige jaar
 - b) Y = die getal gebiede waaruit *Die Voortrekkers* in die lopende jaar bestaan
 - c) Z = die getal lede wat 'n gebied aan die einde van die vorige jaar gehad het.
 - d) 'n Lid 'n persoon is wat geregistreer was en vir die bepaalde jaar, lidmaatskapsgeld betaal het en waarvan die geld aan die hoofkantoor oorbetal is;
 - e) *Die lopende jaar*, die jaar is waarvoor die getalle bepaal word
 - 3.1.5 Twee (2) Staatmaker verteenwoordigers wat tweejaarliks deur nasionale staatmakerraad aangewys word.
 - 3.1.6 'n Gebiedsdagbestuur kan 'n gebiedsdagbestuurslid en die Nasionale Staatmakerraad 'n lid van die raad nomineer om as sekundus op 'n hoofbestuursvergadering sitting te neem op koste van die Hoofbestuur in die plek van die lid van daardie gebied of die Nasionale Staatmakerraad vir wie dit onmoontlik is om die betrokke vergadering by te woon.

3.2 Konstituering

- 3.2.1 Die Hoofleier (HL) word deur die afgevaardigdes op die kongres verkies volgens die voorskrifte in artikel 4.2.1 van hierdie hoofstuk.
- 3.2.2 Die uittredende Hoofdagbestuur bepaal volgens die formule in artikel 3.1.4 die getal bykomende Adjunkgebiedsleiers van elke gebied wat op die Hoofbestuur sitting moet neem.
- 3.2.3 Die uittredende Hoofbestuur oorweeg 'n voorlegging van die nuutverkose hoofleier oor die getal Hoofdagbestuurslede en die voorgestelde portefeuljes en besluit daaroor.
- 3.2.4 Die uittredende Hoofbestuur bepaal die getal lede wat die nuwe Hoofbestuur vorm onderworpe daaraan dat die getal lede van die Hoofdagbestuur, insluitende die Hoofleier, nie een derde van die totale getal lede van die Hoofbestuur oorskry nie.
- 3.2.5 Die kieskollege verkies die Adjunkhoofleiers (AHL) Administrasie en Finansies volgens die voorskrifte in artikel 4.2 van hierdie hoofstuk.

- 3.2.6 Die kieskollege verkies die ander Adjunkhoofleiers volgens die voorskrifte van artikel 4.2 van hierdie hoofstuk.
- 3.2.7 Elke Gebiedsbestuur wys sy verteenwoordigers op die Hoofbestuur aan by sy konstituering met dien verstande dat 'n persoon ophou om 'n gebied te verteenwoordig wanneer hy nie meer 'n lid is van die betrokke gebiedsdagbestuur nie.
- 3.2.8 Die Staatmakerraad wys die Voorsitter van die Staatmakers en Adjunkvoorsitter van die Staatmakers aan.
- 3.2.9 Die Hoofbestuur moet binne drie (3) maande na afloop van die Kongres konstitueer.

3.3 Dienstermyn

- 3.3.1 Die Hoofbestuur se dienstermyn strek van een (1) Kongres tot die volgende, onderworpe daaraan dat die termyn van individuele lede dieselfde tydsduur beloop maar nie met die termyn van die Hoofbestuur hoef saam te val nie soos artikel 3.3.2 van hierdie hoofstuk bepaal.
- 3.3.2 Die termyn van elke verteenwoordiger op die Hoofbestuur is soos volg:
 - a) Lede van die Hoofdagbestuur: vir die volle termyn van die Hoofbestuur;
 - b) Gebiedsleiers en Adjunkgebiedsleiers: vir die gedeelte van die termyn van die Hoofbestuur tot die volgende verkiesing van die Gebiedsdagbestuurslede, waarna hulle vervang word deur die nuutverkose Gebiedsverteenvoerders en
 - c) Die Voorsitter van die Staatmakers en Adjunkvoorsitter van die Staatmakers vir die termyn soos bepaal in hoofstuk 8 van die Reglemente.

3.4 Vergaderings

- 3.4.1 Die Adjunkhoofleier (AHL) Administrasie roep alle lede wat sitting het op na vergaderings van die Hoofbestuur.
- 3.4.2 Die Hoofbestuur vergader so dikwels as wat nodig is, maar ten minste een (1) keer per jaar.
- 3.4.3 Lede van Gebiedsdagbestuure wat nie lede van die Hoofbestuur is nie kan vergaderings van die Hoofbestuur op koste van die betrokke gebied bywoon, onderhewig aan die voorskrifte in hoofstuk een (1) artikel 4.5. van die Reglemente;
- 3.4.4 Die Hoofdagbestuur kan voorsitters van komitees of taakgroepe en ander kundiges nooi om bepaalde gedeeltes van vergaderings van die Hoofbestuur in raadgewende hoedanigheid by te woon.
- 3.4.5 Die Hoofleier (HL) tree as voorsitter van die vergaderings van die Hoofbestuur op.
- 3.4.6 Die Adjunkhoofleier(AHL) Administrasie tree as sekretaris van die vergaderings op.
- 3.4.7 'n Gewone meerderheid van die lede van die Hoofbestuur vorm 'n kworum vir 'n vergadering.

3.5 Magte, pligte en werksaamhede

- 3.5.1 Die Hoofbestuur voer die werksaamhede uit soos bepaal in die Grondwet, artikel 26.2.4 onderhewig daaraan dat verslae skriftelik moet wees.
- 3.5.2 Die Hoofbestuur doen toekennings aan offisiere, Staatmakers en ander persone/instansies soos in hoofstuk 11 van die Reglemente bepaal.
- 3.5.3 Die Hoofbestuur groepeer die kommando's in gebiede, nie op die basis van die staatkundige provinsies nie, maar sover moontlik in prakties werkbare eenhede.

4. DIE HOOFDAGBESTUUR

4.1 Samestelling

Die Hoofdagbestuur bestaan uit:

- 4.1.1 Die Hoofleier (HL)
- 4.1.2 Die Adjunkhoofleier (AHL) Administrasie en Adjunkhoofleier (AHL) Finansies;
- 4.1.3 Drie (3) of meer Adjunkhoofleiers soos deur die Hoofbestuur bepaal.
- 4.1.4 'n Persoon/persone kan ook op die Hoofdagbestuur aangestel word, gesalarieer of nie, om 'n goed gedefinieerde taak (byvoorbeeld - Finansies, administrasie, ensovoorts) te vervul. Die aangestelde persoon/persone kan in die Hoofdagbestuur optree met spreekreg maar nie stemreg nie. Die aanstelling van die persoon/persone raak egter nie die normale bestuursposte soos uiteengesit in die Grondwet en Reglemente nie. Die aangestelde persoon/persone se dienste kan te enige op 'n redelike wyse beëindig word en daar word geen tydperk van aanstelling aan gekoppel nie.

4.1.5 Indien 'n Hoofdagbestuurslid nie self die lynbestuurder van Penkoppe en Drawwertjie, Verkenner, Staatmaker en Volwasse sake Nasionale Komitee is nie, die betrokke lynbestuurder van die komitee ten minste vir die deel van die vergadering wat die betrokke portefeulje onder bespreking is, die betrokke bestuursvergadering bywoon maar met inagneming van onnodige koste.

4.2 Verkiesing

4.2.1 Die Hoofleier word met 'n volstreekte meerderheid deur die afgevaardigdes op die Kongres verkies na voorafnominasies deur enige Staatmakergroepdagbestuur, Veldkornetskapsbestuur, Kommandobestuur, Oordbestuur of Gebiedsbestuur. Sodanige nominasies moet van 'n curriculum vitae en 'n onlangse foto vergesel wees asook 'n onderneming van die kandidaat dat hy beskikbaar is om te dien indien hy verkies sou word.

4.2.2 Die Adjunkhoofleier (AHL) Administrasie, Adjunkhoofleier (AHL) Finansies en die ander Adjunkhoofleiers word met 'n volstreekte meerderheid deur 'n kieskollege verkies na afsonderlike voorafnominasies vir al die poste deur enige Staatmakergroepdagbestuur, Veldkornetskapsbestuur, Kommandobestuur, Oordbestuur of Gebiedsbestuur. Sodanige nominasies moet van 'n curriculum vitae en 'n onlangse foto vergesel wees asook 'n onderneming van die kandidaat dat hy beskikbaar is om te dien indien hy verkies sou word.

4.2.3 Die kieskollege bestaan uit die sittende lede van die Hoofbestuur en ook bykomende lede per gebied op grond van proporsionele verteenwoordiging. Die Hoofbestuur bepaal van tyd tot tyd die formule waarvolgens proporsionele verteenwoordiging toegeken word. Die Hoofbestuur moet ten minste sestig (60) dae voor die Kongres die finale samestelling van die kieskollege aan Gebiedsbesture bekend maak. Gebiedsbesture wys die lede vir die kieskollege aan.

4.2.4 Die verkiesing van die Hoofdagbestuur is onderhewig daaraan dat:

- a) Die Hoofleier vir 'n maksimum van twee (2) opeenvolgende termyne in die pos kan dien tensy die kieskollege in buitengewone gevalle 'n derde termyn magtig;
- b) 'n Lid op Hoofdagbestuur in die pos as Adjunkgebiedsleier vir 'n maksimum van twee (2) opeenvolgende termyne in dieselfde portefeulje kan dien tensy die kieskollege in buitengewone gevalle 'n derde termyn magtig of die persoon vir 'n derde termyn in 'n ander Adjunkhoofleier portefeulje wil dien;
- c) In buitengewone gevalle kan die kieskollege 'n goed gemotiveerde aansoek by die Hoofbestuur indien dat 'n persoon vir 'n derde termyn verkiesbaar moet wees en die aansoek moet voor die aanvang van die verkiesing ingedien en goedgekeur wees.

4.2.5 Ten minste een (1) lid van elke geslag moet op die Hoofdagbestuur dien met dien verstande dat indien die enigste lid van 'n geslag se lidmaatskap van die Hoofdagbestuur om watter rede ookal beëindig word die werking en besluite van die Hoofdagbestuur nie ongeldig sal wees bloot omdat die bepaling ten opsigte van die verskillende geslagte nie nagekom kan word nie; onderhewig daaraan dat die genoemde bepaling teen die volgende vergadering nagekom word.

4.2.6 In die geval van die vulling van tussentydse vakatures wat op die hoofdagbestuur mag ontstaan, moet die Hoofdagbestuur die kieskollege byeenroep om 'n verkiesing tydens 'n vergadering of deur 'n vertroulike posstemming te laat geskied. Die volgende stappe word gevolg:

- a) Die Hoofdagbestuur vra gebiedsdagbesture om die lede te benoem wat namens hom op die kieskollege dien soos in artikel 4.2.3 hierbo aangedui, onderhewig daaraan dat dieselfde getal lede benoem word as wat tydens die vorige verkiesing op die kieskollege gedien het.
- b) Die Hoofdagbestuur vra nominasies van persone om die vakature te vul van die bestuursliggame wat kan nomineer. Sodanige genomineerde moet verklaar dat hy bereid is om te dien indien hy verkies sou word. Verder moet hy 'n curriculum vitae en 'n onlangse foto voorsien.
- c) Die Hoofdagbestuur laat die kieskollege 'n kandidaat verkies tydens 'n vergadering van die kieskollege of per posstemming deur lede van die kieskollege.

- d) Indien geen kandidaat 'n volstrekte meerderheid behaal in die posstemming wat gehou is op 'n wyse soos in hoofstuk 18, artikels 16.12 tot 16.16 en artikel 19 van die Reglement bepaal is nie, moet die Hoofbestuur op sy volgende sitting die stemming afhandel.

4.2.7 Die lede van die Hoofdagbestuur dra die rangkentekens soos uiteengesit in hoofstuk ses-en-twintig (26) van die Reglemente.

4.3 Dienstermyn

4.3.1 Die Hoofdagbestuur se dienstermyn strek van een (1) kongres tot die volgende Kongres.

4.3.2 Die Hoofdagbestuur moet binne drie (3) dae na afloop van die Kongres konstitueer.

4.4 Vergaderings

4.4.1 Die Adjunkhoofleier (AHL) Administrasie roep die vergadering van die Hoofdagbestuur op.

4.4.2 Die Hoofdagbestuur vergader so dikwels as wat dit nodig is, maar ten minste een (1) keer per kwartaal.

4.4.3 Die Hoofdagbestuur kan voorsitters van komitees of taakgroepe en ander kundiges nooi om bepaalde gedeeltes van vergaderings van die Hoofdagbestuur in raadgewende hoedanigheid by te woon.

4.4.4 Die Hoofleier tree as voorsitter van die vergaderings van die Hoofdagbestuur op.

4.4.5 Die Adjunkhoofleier (AHL) Administrasie tree as sekretaris van die vergaderings van die hoofdagbestuur op.

4.4.6 'n Gewone meerderheid van die lede van die Hoofdagbestuur vorm 'n kworum vir 'n vergadering.

4.5 Magte, pligte en werksaamhede

Die Hoofdagbestuur verrig die take soos vervat in Grondwet, artikel 26.3.6 en 26.3.7.

5. NASIONALE STAATMAKERRAAD

5.1 Die Nasionale Staatmakerraad bestaan uit sewe (7) lede, Twee (2) Gebiedstaatmakerleiers elk vanaf Transvaal, Kaapland, Vrystaat en een (1) vanaf Namibië.

5.2 Gebied Transvaal, Kaapland en Vrystaat verkies twee (2) Gebiedstaatmakerleiers en Namibië verkies een (1) Gebiedstaatmakerleier, uit die Staatmakers van die betrokke gebied.

5.3 Die Gebiedstaatmakerleiers van die Staatmakers word deur die Staatmakers in die gebied verkies op die wyse wat die Gebiedsbestuur bepaal.

5.4 Die verkose lede dien 'n termyn van twee (2) jaar.

5.5 Die Gebiedstaatmakerleiers dien op die Gebiedsbesture van betrokke gebied.

5.6 Die Gebiedstaatmakerleiers woon Gebiedsdagbestuurvergaderings by as waarnemers.

5.7 Die Nasionale Staatmakerraad vaardig twee (2) Staatmakers af na Hoofbestuur, wat ook dien op die Nasionale Komitees: Volwasse Sake.